# NDM laat toe dat gebou verwaarloos staan

deur Isaac Cloete

**GEMSBOK-SPRINGBOK: Die gebou tussen SA van Wyk Hoërskool en Bosasa behoort tans aan die Namakwa Distiksmunisipaliteit (NDM) op Springbok. Voorheen was dit onder beheer van die Dept van Openbare Werke.**



Ongeveer drie jaar gelede was die gebou (vir die soveelste keer) teen groot regeringskostes herstel en omhein. Dit was in die tyd van die vorige munisipale bestuurder, Madeleine Brandt. Tydens 'n seremonie is toe aan die publiek verduidelik dat dit gebruik sou word as 'n basiskantoor vir werkskepping aan die jeug. Die NDM sou optree as 'n soort fasiliteerder van die projek. Ook 'n Seta sou betrokke wees.

Na die inhuldiging van gebou was dit egter nooit gebruik nie en het dit leeg gestaan. Die publiek het verskeie kere navraag gedoen waarom dit nie gebruik word nie. Die NDM kon geen antwoorde verskaf nie.

Intussen het vandalisme sy tol geëis en is die gebou verwaarloos en geplunder. Tydens Die Namakwalander se besoek aan die gebou was stank, ontlasting en vernielsug die eerste ontmoeting. Feitlik al die staalvensters, -deurrame en koperpasstukke (fittings) is verwyder. Die klein en groot hek is afgebreek en weggedra. Yster roosters bo-op mangate is verwyder en weggedra.

Verder is van die polycop pype in die grond oopgekap en afgesny. Selfs elektiese drade is uit die dak geruk. Dit was opvallend dat 'n reuse houtbalk in een van die kamers lê. Dit moes blykbaar uit die dak geval het weens die vandalisme. Swart vulgêre graffiti is orals op die mure geskryf en dele van die heining is al afgeknip.

'n Werker van Bosasa het hartseer vertel dat hy bang is die dak gaan inval weens die stelery. Hy het hartseer gevra of die gebou nie gesloop kan word nie. Die oom het gesê:

"Die booswigte kom dra helder oordag die materiaal stuk-stuk weg. Ek is so bang in die nag kan daar erger dinge soos verkragting en aanranding plaasvind."

Volgens ons ondersoek het die dep van openbare werke verlede jaar 'n huur-ooreenkoms met die NDM aangegaan en behoort hierdie bate aan hulle.

Amptenare by die NDM kon nie met sekerheid vertel of die gebou wel aan hulle behoort nie. Dit lyk nou asof dit nooit op hul bate-register aangebring is nie.Van die amptenare het anoniem vertel dat dit nie hulle bate is nie.

Intussen voel die publiek dat daar so baie "menslike" behoeftes bestaan waarvoor dit gebruik kon word. Hulle glo dat die NDM die publiek lelik hieroor gefaal het.

Die hoof finansiele beampte(CFO), Rajiv Datatin, het nie op ons vrae reageer nie, maar volgens 'n amptenaar is Datatin van mening dat dit nie die bate van die NDM is nie.

Chris Fortuin sou opdrag gee dat die NDM kommentaar lewer. Dit is nie teen druktyd gedoen nie.

# Inligting oor kind se familie gesoek

**GEMSBOK-UPINGTON: Die Heatherdale Kinder en Jeugsorgsentrum, Athlone, Wes-Kaap, versoek inligting ten opsigte van Wayne Plaatjies.**

Hy het destyds in Upington gewoon en is die beweerde seun van Katriena Plaatjies.

Die biologiese moeder, Katriena Plaatjies, is gedurende 2007 oorlede.

Enige persoon met inligting kan Lelani Glover by 074 885 4216 of 021 696 5116 kontak of 'n faks stuur na 086 721 3648.


Munisipaliteit **Kai !Garib** Municipality

**MUSEUMKERKIE TE KEIMOES HOOFSTRAAT**

Kai !Garib Munisipaliteit verhuur die Museum Kerkie te Keimoes Hoofstraat.

Aansoekers moet 'n skriftelike voorlegging aan die Munisipaliteit rig.

**Sluitings datum: 06 Oktober 2017**

**Vir Aandag: Mnr. Lategan**

Munisipale Gebou,Hoofstraat,Keimoes, 8860

**Navrae: Mnr. JG Lategan**



NOORD TOT SUID ELEKTRIES EN VERKOELING

Noord tot Suid Elektries en Verkoeling BK benodig die dienste van 'n

GEKWALIFISEERDE ELEKTRISIËN.

Verkoelingsondervinding van ten minste 5 jaar is 'n vereiste.

'n Mededingende vergoedingspakket word aan die pos gekoppel volgens kwalifikasies en toepaslike ondervinding.

Sluitingsdatum: 30 September 2017

Indien u na 2 weke na sluitingsdatum nog nie gekontak is nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

*Rig u cv na onderstaande adres*

Adres: faks: 054 4311818

E-pos:ontvangs@nselektries.co.za



KARSTEN

**KARSTEN BOERDERY GROEP**

Karsten Boerdery (Edms) Bpk, is'n prominente en vooruitstrewende uitvoer vrugteprodusent in die Benede Oranjerivier. Die pos as Restaurant Bestuurder is beskikbaar op Roepersfontein wat 30 km van Upington geleë is

**RESTAURANT BESTUURDER**

Die pos behels die algehele bestuur van die restaurant, kombuis,gastehuis en die reël van funksies en verwante aktiwiteite.

Sleutel prestasie areas sluit die volgende in:

Algehele bestuur t.o.v restaurant,kombuis,ontvangs & gastehuis wat insluit maar nie beperk is tot:

- Administratiewe bestuur
- Finansiële bestuur
- Reël van funksies
- Aankope
- Ontvang van gaste
- Personeel bestuur

Vergoeding is onderhandelbaar in ooreenstemming met toepaslike kwalifikasies en ondervinding en sluit al die byvoordele in wat eie is aan 'n groot en gevestigde onderneming.

Vir verdere navrae kontak Nicolene Collett by 054 491 9331.

Aansoeke kan gerig word aan die Menslike Hulpbron Beampte. Faks u CV na 086 292 7810 of e-pos belindap@karsten.co.za

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE IS 6 OKTOBER 2017

Kandidate wat geen terugvoering binne drie weke na bogenoemde sluitingsdatum ontvang nie, kan hul aansoek as onsuksesvol beskou.



**Munisipaliteit Kai !Garib Municipality**

**KENNISGEWING**
**2017/2022 GOP PROSESPLAN VIR 2018/2019 BOEKJAAR**
**BESIKBAARHEID VAN GOP/BEGROTING/PB PROSESPLAN VIR DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN VAN 2017/2022 VIR DIE 2018/2019 BOEKJAAR**

Die Raad is tans besig om die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van **2017/2022** vir die **2018/2019** boekjaar hersien.

Die Prosesplan bied informasie oor die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, asook die Begroting-en Prestasie Bestuursproses wat gedurende die **2018/2019** boekjaar ontvou. Dit is beskikbaar vir kennisname aan enige persone, staatsdepartemente en belangegroepe by plaaslike biblioteke en die raad se webblad, by **www.kaigarib.gov.za**.

**Enige navrae kan gerig word aan die GOP Beampte, Me. CS Steenkamp 054 461 6400 of per e-pos by faraocs@kaigarib.gov.za**

**JG Lategan**
**Wnde Munispale Bestuurder**
Kai! Garib Munisipaliteit, Privaatsak X 6300, Kakamas, 8870



**Munisipaliteit Kai !Garib Municipality**

**NOTICE**
**IDP PROCESSPLAN FOR 2018/2019 FINANCIAL YEAR**
**AVAILABILITY OF THE IDP/BUDGET/PMS PROCESS PLAN FOR INTERGRATED 2017/2022 FOR THE 2018/2019 FINANCIAL YEAR**

The Council is currently busy to review the Integrated Development Plan of the **2017/2022** for the **2018/2019 financial year.**

The Process Plan provides information on the Integrated Development, as well as the Budget and Operational Performance Management System's processes that will unfold during the **2018/2019 financial year.** It is available for notification to any person, government departments and other stakeholder's at all local libraries, and the Council's website at **www.kaigarib.gov.za**.

**Any queries can be address to Mrs CS. Steenkamp, IDP Officer at telephone number 054 461 4600 or per email on faraocs@kaigarib.gov.za**

**JG Lategan**
**Acting Municipal Manager**
Kai! Garib Municipality, Private Bag X6300, Kakamas, 8870



**KLK Landbou Beperk is 'n diverse publieke maatskappy in die landbou sektor met belange in kleinhandel, brandstof, abattoirs, lewendehawe en Motorhandelaarskappe**

**VAKATURES**

**Takbestuurder - Postmasburg Build It**

Die posbekleër rapporteer aan die Build It Streekskoördineerder en sal verantwoordelik wees vir:

- Winsgewende bestuur van betrokke tak
- Begrotingsbestuur
- Voorraadbestuur
- Koördinering,motivering en bestuur van personeel
- Bestuur van veiligheidstandaarde
- Administratiewe en batebestuur
- Uitbreiding van markaandeel
- Promosiebestuur

Aansoekers moet beskik oor:

- Minimum Graad 12
- Voldoende bestuursondervinding
- Deeglike kennis van die boubedryf
- Gesonde menseverhoudings met goeie kommunikasie vaardighede
- Inisiatief
- Rekenaar- en administratiewe agtergrond
- Goeie leierskapsvaardighede
- Profesionele optrede

Werksure: Maandae tot Vrydae 7.30 –17:00 / Saterdae 8:00-13:00

Rig asseblief jou aansoek aan: Die Bestuurder, Menslike Hulpbronne, KLK Landbou Beperk , epos na personeel@klk.co.za of faks dit na 086 657 5612

**Kliëntediensbeampte - Wapens Upington Handel**

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir:

- Totale bestuur van die wapenkluis- en leerafdeling
- Voldoening aan al die wetlike aspekte rakende die hantering van wapens en ammunisie
- Voorraadkontrole
- Toonbank bediening aan die publiek
- Ondersteuning aan bestuur rakende alle aspekte van die besigheid

Aansoekers moet beskik oor:

- 'n Matrieksertifikaat en ten minste 5 jaar ondervinding in 'n soortgelyke hoedanigheid
- Werklike kennis van wapens, ammunisie en plofstowwe
- Goeie kennis van herlaaitoerusting en perdrytoerusting
- Gesonde menseverhoudings met goeie kommunikasie vaardighede
- 'n Passie vir diens

Rig asseblief jou aansoek aan: Die Takbestuurder : KLK Landbou Beperk, Posbus 86, Upington , 8800 , per faks : 054 332 7322 of epos: faan@klk.co.za

KLK Landbou Beperk is 'n gelyke geleentheid werkgewer en aanstellings word gedoen ooreenkomstig die maatskappy se Gelyke Geleenthede Plan.

Sluitingsdatum: 29 September 2017

Aansoekers wat nie binne 14 dae na die sluitingsdatum van ons verneem nie, moet asseblief aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was.



MOKGOPE consulting

**EIA: OPENBARE DEELNAME PROSES**
**DEA Verwysings No: 14/12/16/3/3/2/1012**

**ONTVANGSBEPALING PHASE: AGGENEYS TOT PAULPUTS 400KV TRANSMISSIE KRAGLYNE EN SUBSTASIE OPGRADERING, NOORD KAAP PROVINSIE**

**Projek voorstel**: Voorstellended ontwikkeling van 'n 400kV transimissie krag lyn wat ongeveer 97km van die Aggeneys substatsie na Paulputs substatsie loop as ook die opgradeering van die substasies.
**Plek:** Aggeneis substasie is ongeveer 5km suidwes van Aggeneys-dorp geleë en Paulputs substasie is ongeveer 35km noord oos van Pofadder-dorp geleë. Die projek is gebaseer in die Khai-Ma Plaaslike Munisipaliteit binne die grense van die Namakwa Distrik Munisipaliteit in die Noord Kaap Provinsie.

**Projek Aansoeker:** Eskom Holdings SOC Ltd.

**Aansoek om omgewingsmagtiging om die volgende aktiwiteite te onderneem:**2014 EIA Aktiwiteite, soos gewysig: GNR327-Lys Kennisgewing 1: 14; 19; 32; 47; en 48. GNR325-Lys Kennisgewing 2: 9. GNR324 Lys Kennisgewing 3: 4: (g)ii(bb)(ee); 12: (g)(ii); 14: (ii)(a)(c)(g)ii(bb)(ff); 18: (g)ii(bb)(ee).
**Geleentheid om deel te neem:**Belanghebbende en Geafftekteerde Partye (I&AP's) word uitgenooi om geskrewe kommentaar te voorsien rakende die projek. Verwys asseblief na die relevante DEA verwysingsnommer en voorsien ons ook asseblief u naam, kontakbesonderhde (verkose metode van kennisgewing) en 'n aanduiding of u enige direkte besigheid, finansiële, persoonlike of ander belangstelling wat u het in hierdie aansoek aan die kontakpersoon, soos hieronder aangedui binne 30 dae van 20 September tot 23 Oktober 2017. Die **Skets Omgewingings Impak Verslag** sal beskikbaar wees vir hersiening vanaf **20 September tot 23 Oktober 2017** in die biblioteke van die volgende dorpe: Pofadder en Pella, sowel as die Aggeneys Rec Klub. Die dokument kan ook op versoek per e-pos aan individue gestuur word.

PUBLIEKE VERGADERINGS:

| Plek | Datum | Tyd |
|---|---|---|
| Aggeneys Rec Klub (belanghebbendes) | Dinsdag 10 Oktober 2017 | 10h00 |
| Pofadder Hotel (grondeienaars / belanghebbendes) | Dinsdag 10 Oktober 2017 | 16h00 |
| Pella Biblioteek Saal (gemeenskap) | Woensdag 11 Oktober 2017 | 10h00 |
| Pofadder Gemeenskapsaal (gemeenskap) | Woensdag 11 Oktober 2017 | 17h00 |

Indien u belangstel oom 'n vergadering by te woon, kontak asseblief die persoon hieronder aangedui vir verdere inligting.

**Kontak:** Ms Judith Fasheun - Mokgope Consulting cc, Posbus 2363, Highlands North, Jhb, 2037.**Tel:** 076 876 2672. **Fax:** 086 607 9481. **E-pos:** judy@mokgope.co.za

**Studie gedoen deur Mokgope Konsultante namens Eskom Holdings SOC Ltd**